# Die pad van geestelike groei (2) - Nuwe lewe



**2024-01-14**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**



1

Ef 4:17  Dit sê en betuig ek dan in die Here, dat julle nie meer moet wandel
soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed
nie— 18  mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die
lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van
hulle hart; 19  wat ongevoelig geword het en hulle oorgegee het aan die
ongebondenheid om in hebsug allerhande onreinheid te bedrywe. 20  Maar
julle het Christus nie so leer ken nie, 21  as julle ten minste van Hom gehoor
het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: 22  dat julle, wat die
vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die
begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, 23  en dat julle vernuwe
moet word in die gees van julle gemoed 24  en julle met die nuwe mens
moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.
25  Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste,
want ons is mekaar se lede. 26  Word toornig en moenie sondig nie; laat die
son nie ondergaan oor julle toorn nie; 27  en gee aan die duiwel geen plek
nie. 28  Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer
arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee
te deel aan die een wat gebrek het. 29  Laat daar geen vuil woord uit julle
mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting,
sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor. 30  En bedroef nie die Heilige
Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.
31 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle
verwyder word, saam met alle boosheid. 32  Maar wees vriendelik en vol
ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle
vergewe het.

2

# Fokus op hoe jy leef

Ef 4:17 Dit sê en betuig ek dan in die Here, dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie—

- Groei het te doen met lewe.
- Paulus is baie ernstig, asof hy ‘n getuienis afê in God se teenwoordigheid.
- Ons kan nie meer leef soos die heidene wat nie glo nie.
- Daar is ‘n leegheid en ‘n dwaasheid in ‘n verlorene se siel.
- Die wat ongered is wandel nog volgens hulle verstand en die vlees.
- Afgode onder heidene.
- Soeke na dinge wat geen voordeel vir die siel inhou nie.

3

# Verharde harte belemmer groei

Ef 4:18 mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart;

- Duisternis teenoor lig in ons verstand.
- Vervreemd van die lewe van God – geen deel daaraan nie.
- Lewe in God beteken ‘n heilige lewe.
- Daar is onkunde by die wat verlore is (gebrek aan kennis).
- Groei deur meer kennis te kry.
- Rede vir die onkunde: harde en onsensitiewe harte.
- Baie mense verhard ook hulle harte teenoor die ware Lig, Jesus Christus

4

# Geestelike agteruitgang in plaas van groei

Ef 4:19 wat ongevoelig geword het en hulle oorgegee het aan die ongebondenheid om in hebsug allerhande onreinheid te bedrywe.

- Wat gebeur as jy vol duisternis is, vervreemd van die lewe van God, onkundig agv 'n verharde hart:
  - Verloor geestelike gevoel.
  - Gee jouself oor aan sonde en onreinheid (losbandigheid)
- Geen sin meer van hulle sondes en die gevaar nie.

- Bly in gevoel met die Heilige Gees oor wat reg en verkeerd is.
- Bewaar en bewaak jou hart.

5

# Groei geestelik: Hoe ken ons Jesus Christus?

Eph 4:20 Maar julle het Christus nie so leer ken nie, 21 as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus:

- Ken ons Jesus?
- Sy karaktereienskappe.
- Sy leringe.
- Hoe Hy opgetree het.
- Sy gesindheid.

- Leer alles van Jesus
- Hy is die waarheid



- Meer as net gehoor – Hy leef in ons!

6

# Verander jou geestelike klere

Eph 4:22 dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan,
Eph 4:23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed
Eph 4:24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.

- ‘n Reinigingsproses moet plaasvind.
- Doen: die ou mens moet afgelê word.
  - Trek die ou mens uit.
- Doen: die nuwe mens moet aangetrek word.
  - Nuwe natuur en karakter
  - (Hoe het ons Jesus leer ken?)
  - God se natuur. Leef heilig.



- Word vernuwe in jou gees. Laat die Heilige Gees jou leer.

7

# Dinge wat jou geestelike groei belemmer: Leuens

Eph 4:25 Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.

- Praat die waarheid
- Vermy valse praatjies en gesprekke.
- Soek altyd die waarheid.
- Ons is deel (lede) van mekaar.
- Ons is dit aan mekaar verskuldig
- Ons is dit aan Jesus verskuldig.

8

## Dinge wat jou geestelike groei belemmer: Woede

Ef 4:26 Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; 27 en gee aan die duiwel geen plek nie. 31 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid.

- Daar is ook 'n tyd om kwaad te word.....maar
- Fokus dit egter op woede vir sonde en die skade wat die vyand aanrig.
- Onreg en dinge wat verkeerd is.

- Moet egter nie sondig nie, en oorwin die kwaad deur die goeie.
- Onthou die liefde bedek alles.

- Moet nie die duiwel 'n geleentheid gee nie. (haat, bitterheid)

9

## Dinge wat jou geestelike groei belemmer: Steel en Praat

Ef 4:28 Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.
Ef 4:29 Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.





10

Eff 4:30  En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.



11

## Goeie Gesonde groei

Eph 4:32  Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.



12